

## GRONDHERVORMING

## KOMMER DUUR VOORT OOR NUWE ONTEIENINGSWETGEWING

**DIE** nuutste weergawe van die onteieningswetsontwerp is op 28 September deur die nasionale vergadering aanvaar, ten spyte van besware deur onder meer die DA, EFF, IVP, Vryheidsfront Plus en ACDP.

In sy huidige formaat laat die wetgewing onteiening toe wanneer dit in openbare belang is, soos uiteengesit in artikel 25 van die Grondwet.

Saam met die voorsiening wat gemaak word vir “regverdige en voldoende vergoeding” wanneer onteiening mag plaasvind, is daar ook nou die moontlikheid van nulvergoeding in spesifieke omstandighede. Dit kan insluit wanneer grond verlate staan, staatsgrond onteien word of wanneer grond vir spekulasie besit word.

Vrese dat private eiendomsreg deur die wetgewing in die gedrang kan kom, is al verskeie kere geopper.

Mnr. Pieter Groenewald, leier van Vryheidsfront Plus, het gewaarsku dat die wet in sy huidige vorm Suid-Afrika se ekonomie sal vernietig omdat private eienaarskap een van die pilare van demokrasie en die vryemark-ekonomie is.

### ‘DIT BRING DUIDELIKHEID’

Me. Patricia de Lille, minister van openbare werke, het egter gesê die wetgewing is nie uniek aan Suid-Afrika nie.

“Die wetgewing bring duidelikheid vir almal en sal die prosesse van grondhervorming ondersteun. Onteiening sonder vergoeding is nie ’n wonderkuur nie. Onteiening is maar net een manier om eiendom te verkry wat in toepaslike gevalle en in die openbare belang grondhervorming en die herverdeling van grond moontlik maak.”

Sy het bygevoeg die wetgewing skryf ook nie voor dat “geen vergoeding” in genoemde gevalle sal geld nie, maar vergoeding sal deur middel van ’n ooreenkoms tussen die staat en eienaars van die grond vasgestel word. Indien geen ooreenkoms bereik kan word nie, sal die hof daarvoor moet besluit.

Sy het gewaarsku dit is gevaarlik om voor te gee dit sal die staat in staat stel om na willekeur mense se eiendom, soos private wonings, te neem.

Groenewald het De Lille egter uitgedaag om die wet in die Grondwethof te probeer verdedig.

### PAD VORENTOE

Prof. Elmiën du Plessis, eiendomsregkenner en dosent in die fakulteit regte aan die

**Die vergoeding-standaard bly ‘regverdig en billik’, maar wat regverdig en billik is, gaan verskil van geval tot geval.**

Noordwes-Universiteit, sê die wetsontwerp gaan nou na die nasionale raad van provinsies (NRP) vir verdere oorweging.

Sy sou graag ’n meer genuanseerde definisie van onteiening wou sien wat nie net beperkend is tot “verpligte verkryging” nie. Soos die wetgewing nou daarna uitsien, is dit wel binne die raamwerk van die Grondwet geskryf.

“Dit is moeilik om wetgewing in die abstrakte te beoordeel. Die finale prosesse van die uitleg van die wetgewing gebeur in die toepassing daarvan op grond van spesifieke feite. Die vergoedingstandaard bly ‘regverdig en billik’, maar wat regverdig en billik is, gaan verskil van geval tot geval.”

Sy sê private eiendomsreg was nog nooit onaantasbaar nie en onteiening is nie ’n nuwe konsep in die Suid-Afrikaanse reg nie.

“Dié wet sal die land se derde onteieningswet wees. Daarby word eiendomsreg elke dag beperk deur ’n magdom wetgewing, byvoorbeeld rakende sonering. Dié wetsontwerp sit die prosesse van onteiening in besonderhede uiteen en bring dit in ooreenstemming met die Grondwet.”

Sy meen nie enige party of instelling sal die wetsontwerp soos dit nou geskryf is, suksesvol in ’n hof kan betwis nie.

“Dit bly egter belangrik om toe te sien dat die wet reg toegepas word binne die raamwerk van die Grondwet.”

– LIANA MOCKE